Ps. 98:1     **Die Mens Hulpelose**     1a) Kp. 16 Okt. 1960.

Gez. 39: 1, 3.     Joh. 5:1-18     1960.

" 33: 5 & 6.

Joh. 5:6 - Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?

In teenstelling met Jesus se eerste opgaan na Jerusalem toe Hy die tempel gereinig het, almal bewus was van sy koms en sy teenwoordigheid, kom Hy hd. keer stil en onopsigtelik, byna soos een v.d. talle pelgrims wat kom feesvier. En tog kan sy teenwoordigheid nie verborge bly nie en straal sy heerlikheid deur alles heen. Daar is so baie mooi & aangrypende, maar ook ge-vaarlike dinge opgeskryf in hd. een berig van die gesondmaking v.d. siek man by Betesda, dat 'n mens nie weet wat alles om uit te skryf en wat om uit te laat nie!

I <u>Christus se Heerlikheid</u>: Hier by die Skaappoort van Jerusalem waar die herders elke oggend hulle troppe skape uitgelei het na die vrugbare vlaktes v. Judea was daar die bad waar elke nou en dan 'n opstuwing, opborreling van water plaasgevind het wat deur sy geneeskragtige eienskappe of uitstraling (veroorsaak deur die opborreling) mense se kwale kon help genees. So groot was die omvang v. menselyding en so groot d. toestroming dat die owerheid verplig was om die een siekesaal na d. ander te bou totdat daar uiteindelik vyf sulke gange of bedekte siekesale was. Watter versameling van mensejammer en menseleed was hier te sien! Ja 'n samehoping van blindheid en kreupelheid en lamheid en verskrompeldheid! ~~En na so 'n plek kom Jesus:~~ Watter skrale hoop om ooit genees te word! ~~Watter~~ En na so 'n plek kom Jesus. Waarom? Om gesien en ge-eer te word?

Nee: juis om daarmee te betuig dat daar geen ellende is wat vir Hom te groot is, of geen wanhoop wat vir Hom ~~nie~~ te veel is! of wat Hy vergeet het! Hier sien ons sy heerlikheid – dat Hy sy goddelikheid openbaar in sy menslikheid, dat Hy sy hoë afkoms verleën om in te gaan in 'n stal, 'n siekkamer, 'n lokasie, 'n gehuggie, 'n gevangenis!

En asof dit nog nie genoeg is nie soek Xt. die mees hopelose geval uit, die ergste onder d. ergstes, aan wie Hy die genade van God wil betoon: om daarmee te kenne te gee dat dit juis sy heerlikhd, sy vreugde is om ~~sy genot~~ daar te red maar nie meer te red is, om daar te help waar niemand anders men kan help nie!

II Die Man se Verlorenheid: Watter deernisvaardige, beynmerenswaardige figuur staan hd. siekte 38 jaar lank gekettting en gekluister in sy ellende! Patetiese beeld van verlorenheid!

1) Sy eensaamheid: „Here, ek het niemand" – Dis nie eintens d. man se ligg. swakheid wat ons aangryp nie, maar sy bittere alleenstaan – nee, ons moet sê sy alleenlik! Stel jouself die toneel daar voor op die oomblik as die water in beroering kom: die krampagtige, krusagtige, pynlik-onbeholpe pogings van lammes, verminktes, blindes om eerste in die bad te wees! Seefong wat hoogty vier: ek moet eerste wees! Die eensaamheid, die moedeloosheid, die patetiese & wanhoop van hulle wat nie self kan roer nie, wat niemand het om hulle te help nie: hulle enigste bedmaat is hulle bedmatras!

→ Eensaamheid, gevoel van verlatenheid, van nutteloosheid, ~~kan~~ is baie erger as siekte!

2) Sy gebondenheid: (Vs. 14). Jesus se woorde open vir ons 'n groot deur in die man se verlede: in hd. geval was sy siekte die direkte gevolg van een of ander grust. ontrediing, breuk wat gekom het tussen hd. man en God as gevolg van een of ander ernstige pers. sonde. Wat dit was weet ons nie (goed dat ons dit nie weet nie – anders...) maar dit weet ons: hd. verstenning in sy siel het deurgewerk na sy liggaam – toe d. krag sy siel verlaat het, het swakhd & siekte sy liggaam beset – Nie altyd so nie (Joh. 9: blindgebore) Baie kere om ander redes: Satan wat stry om heerskappy, God wat louter!

## III Vryheid & Vyandskap:

→ 1) Toe Xtus H/s gegee sy lewe gemaag het kan dit ~~[illegible]~~ siëke, het Hy nie dit. Maar elke ander siëke, elke ander sondige gesin : U

2) Toe Kt. die man gesond gemaak het, het Hy u opdrag gegee aan alle Xtene, alle gemeentes. alle Kerke deur d. eeue om sulke mense te gaan opsoek.

Hy hulle nie net in {ook onder d. bevoorregtes in menigte lyne} agterbuurtes, lokasies, siekehuise, opes-inrigtings : ook in u buurt: u straat, u huis, — uself!